# Die DROOMGENOOT

## WINTER 2023

droom
DIENS AAN RIVERSDAL
& omgewing

# Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,*

*Ek glo dit gaan nog goed met almal.*

*Winter is hier, maar hoe gemaak as dit nie net winter buite en rondom jou is nie. Wat maak jy as winter jou hart en menswees oorgeneem het?*
*Ek is seker dit is nie net ek wat daarmee sukkel nie – dit voel asof mens nie kan warm word nie, maar dan besef jy later dit is omdat jou hele wese in winter gehul is.*
*Wat kan dit veroorsaak? Dalk omstandighede wat buite jou beheer is? Dalk mense wat jou versaak? Mense van wie jy dit nooit verwag het nie, is seker die mense wat jou die seerste kan maak en wat dan hierdie doodse koue binne jou hart en siel veroorsaak.*
*Ons weet mos almal wat van "karma" gesê word. Wie en wat sy is en wat sy doen, maar dan lees ek die volgende raak en dìt vee al die lelik en koud weg.*

*"GOD HAS A REASON FOR ALLOWING THINGS TO HAPPEN. WE MAY NEVER UNDERSTAND HIS WISDOM, BUT WE SIMPLY HAVE TO TRUST HIS WILL"*
*Nie altyd so maklik nie, maar ons moet vertrou.*
*Psalm 112:7 – They do not fear bad news; they confidently trust the LORD to care for them.*
*-Often we spend too much time expecting the worst.*
*-Instead of being fearful, we should anticipate God's favour.*
*-You should live with the expectation that He will take care of you.*
*-When you see things from this perspective, it changes your outlook.*
*Lord, help me to not dwell on the negatives or how things could go wrong. Rather, help me to be confident enough to know that Your love and care for me will see me through and that I will see Your goodness and kindness towards me. Amen*

*Groete, bly jouself en bly warm – binne- en buite jouself*

*Lise Veldsman*
*Tel:* *082 776 2595*
*Faks:* *086 6133 804*
*E-pos:* *lise@droomriversdal.co.za*

*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*



# UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê lesers,

Met die heerlike reën buite kan ons regtig nie kla nie. Sommige boere sal seker nie met my saamstem nie. Daar is mos altyd mense wat nou wil hê terwyl ander later wil hê. Genoeg daarvan – ek weet nie veel van boerdery nie.

Ten opsigte van Droom en sy bedrywighede kan ons weer saampraat.
Ons het pas ons jaarlikse oudit gehad en dit het baie goed gegaan. Sodra dit in totaliteit afgehandel is, kan ons op ons jaarlikse basaar konsentreer. Nooit 'n tydjie om regtig te rus en af te skakel nie.
Gedurende Mei het ons ook 5 inwoners aan die dood afgestaan. Ons innige meegevoel aan hul families. Dit is altyd moeilik as mense aan wie jy gewoond geraak het, weggesny word, al is hulle nie familie.
Dit is ook grieptyd en almal sukkel om staande te bly, van inwoners tot personeel. Hierdie jaar is dit 'n lelike een wat jou maar net nie wil los nie. Wat ek wel agterkom is, dat al is dit hoe koud en reen dit katte en honde, ons dames nie 'n haarafspraak laat verbygaan nie.
Ou Meule het 'n nuwe gesig gekry na die afskuwelike brand wat ons in Augustus gehad het en ons is opreg trots met wat verrig is om dit tot nuwe hoogtes te kon herstel. Soveel komplimente word ontvang van kinders en verbygangers.

Daar word ook hard gewerk aan ons geheueverlies sentrum. Een van die dae sal daar ook nuwe dinge aangebring word wat julle verder sal verras. Dit is ongelooflik lekker om te sien hoe die mense blom as daar met hulle gewerk word. Klein dingetjies van die verlede laat die gedagtes weer ophelder.
Baie welkom ook aan Cornell Malherbe wat vanaf HCBC oorgeplaas is na Droom. Sy begin die pos van Opleidingsbeampte: Versorging asook Sosiale Koördineerder.
Haar kennis en persoonlikheid kan ons versorging en sosiale aktiwiteite beslis in 'n ander rigting stuur.

Groete van die kantoor

Chris Veldsman



## VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen


**DIE WEEK TOE GOD INGEGRYP HET**.
Ons oudste seun en jongste dogter en hulle gesinne was gehoorsaam toe God hulle vir Sy diens opgeroep het. Hulle is betrokke by ‘n nie-winsgewende organisasie, ***BUTTERFLY CHANGE FOR CHILDREN*** met die oog op die opheffing van kinders onder haglike omstandighede, net buite Hammanskraal, noord van Pretoria.

Lize het baie jare terug ‘n belowende onderwysloopbaan opgeoffer toe sy geroepe gevoel het om ‘n babahuis vir weggooibabas daar te stel. Dit was van meet af aan ‘n geloofsaksie. Later het sy die werk uitgebrei en opleiding vir dagmoeders gegee.
Sy het mettertyd buitelandse ondersteuning gekry en vrywillige werkers het hulle hulp aangebied. Die werk het uitgebrei toe hulle ook betrokke geraak het by die opgradering van kleuterskole en die befondsing van en toerusting vir die inrigtings.
Die werk het net hopeloos te veel geraak en mettertyd het haar broer Peet en sy gesin by haar aangesluit. Vir hom was dit ook ‘n geloofsaksie met die belofte dat God wat roep, ook getrou is om in alle behoeftes te voorsien.
Hoe die geloofsaksie deur die jare gegroei het en wat alles bereik is, is nie nou ter sprake nie. Dit gaan oor ‘n spesifieke week en wat alles in daardie week gebeur het, toe God se voorsienende hand daagliks sigbaar was en baie gebede verhoor is. Wat baie duidelik geword het, was dat God se gedagtes nie ons gedagtes is nie en Sy weë nie ons weë nie.
Ná baie jare se wag was daar geld om ‘n boorgat vir water te boor om kostebesparing en onafhanklikheid van munisipale water te verseker. Hulle kon aan die werk spring en die waterwyser het ‘n plek net buite die woon- en werkspersele aangewys. Op dié plek het drie waterare gekruis en die are kon dalk al by 50 meter raakgeboor word.
Daar was geld om te boor tot op 100 meter. Toe begin die lollery - op 50 meter was daar nog nie ‘n druppel water nie, ook g’n teken van die are wat kruis nie. Daar is dieper geboor tot by 100 meter en steeds geen are wat raakgeboor is nie. Hoe maak ‘n mens dan nou? Dalk is daar water op 105 meter.
Peet was bereid om van sy bokke en beeste te verkoop en hy het opdrag gegee dat daar verder geboor moes word. Op 170 meter is water raakgeboor! 2000 liter per uur wat voldoende sal wees om in hul behoeftes te voorsien. Daar is dadelik begin om reëlings te tref vir die verkoop van die beeste en bokke. Alles goed en wel, al was dit ten koste van die beeste en bokke wat moes gaan. MAAR water is raakgeboor!
Die volgende dag het Peet gebel: “Ma, ek het ‘n ongeluk met die kettingsaag gehad. Dis net bloed en maalvleis. Dink Ma ons kan die spul skoonmaak, ontsmet en dan styf toedraai? Ek het nie nou R4000 om by die hospitaal neer te sit voordat iemand na my kyk nie. Die boorgat moet betaal word.” Ons het vir hom gesê hulle moet hospitaal toe jaag, sodat die wond behandel kon word.
Daar is baie gebid en later het ons verneem dat dit net ‘n vleiswond was en dat geen senuwees, ligamente of been beskadig was nie. Die volle gebruik van sy hand was nog daar. Dit was niks anders as genade en gebedsverhoring nie en ons kon nie anders as om God se ingryping te sien nie.
Die volgende wonderwerk was toe ‘n ondersteuningsgroep met Duitse bande te kenne gegee het dat hulle moontlik sou instaan vir die toerusting van die boorgat en Peet is gevra om ‘n kosteberekening te kry en voor te lê. Die geld was ge-oormerk vir ‘n ander projek wat nie realiseer het nie.

Wonderlik! Die gat is geboor, water is raakgeboor, Peet het kopers vir die beeste en bokke gekry en die Duitsers se aanbod staan om te help met die toerusting van die boorgat. En Peet kon sy arm al gebruik!
Mattias, hul oudste seun, moes Pretoria toe om aansoek te doen vir sy ID en paspoort en Peet is dou voor dag met hom Pretoria toe om by Binnelandse Sake voor in die tou plek te kry. Die bakkie is binne sig parkeer en hulle het in die tou gaan staan, met die vooruitsig om gou gehelp te word.
Hulle het die bakkie in die oog gehou, maar toe hulle weer kyk was die bakkie weg. Sy skokkende boodskap het ons verslae gelaat: "My bakkie is nou-net gesteel." Soos altyd het ons ons kerk in kennis gestel en gevra om te bid dat die bakkie gevind sal word. Dit was nie God se plan nie ... Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie.
Net so 'n tussenwerpsel: Peet se bakkie wat al meer as dertig jaar oud was, was vir my 'n bron van bekommernis want ek het geweet daar is nie geld vir 'n ander een nie. Ons het dit 'n saak van gebed gemaak. Nouja, voordat die bakkie nog sy laaste rye kon ry, is die bakkie gesteel. Daar was nie eens tyd om planne vir 'n ander bakkie te begin maak nie.
Ons, as ouers, was teen die planke en het dit te kenne gegee. Lize het daarop reageer en ons daarop gewys dat hulle hemelse Vader wat hulle nog nooit in die steek gelaat het nie, hulle ook nie nou in die steek sou laat nie. Sy het ons vermaan om nie toe te laat dat die duiwel ons vrede steel nie. Weer eens het ons kinders se geloofsvertroue ons s'n ver in die skadu gestel.
Die volgende oggend het die verstommende vreugdeboodskap van Peet af gekom: "Een van ons vriende in Nelspruit het vir my 'n bakkie geskenk. Nie nuut nie, met 'n paar foutjies, maar ek kan hom gaan haal." Ja, genade onbeskryflik groot, het Hy aan ons kinders bewys!
In 'n neutedop: In een week is 'n boorgat gesink. Water is oopgeboor. Maniere is gevind om reuse ekstra kostes te dek. Geen permanente beskadiging aan 'n arm wat afgesaag kon gewees het nie. 'n Ou bakkie wat gesteel is, is binne 'n dag vervang.
Dit was die week toe God ingegryp het toe nood op sy hoogste was.

Vir my was die beste van alles die stuk oor die bakkie. Ek bid lankal ernstig dat die Here op Sy manier te werk moet gaan met betrekking tot Peet se bakkie wat óp gery is. Toe laat Hy die bakkie steel en maak dit die steler se probleem.
Toe gebeur die verstommende ding: 'n Vriend skenk vir hom 'n 2012 model dubbelkajuitbakkie mét 'n kappie. Vir die eerste keer in jare kan die hele gesin nou in een voertuig iewers heengaan. So werk alles ten goede mee vir hulle wat God lief het en na Sy voorneme geroep is!
Ten slotte: Dit verstom my hoe ons Vadergod te werk gaan. Dis vir my so asof Hy partykeer 'n mens tot stilstand bring en dan vir jou glimlaggend in die oë kyk en sê: Ek het mos vir jou gesê dat jy my in die dag van benoudheid moet aanroep en dat Ek jou dan sal uitred!
Ons God doen wondere om ons gedurig daaraan te herinner WIE en HOE hy werklik is. As Hy vir die mossies sorg, hoeveel te meer nie vir Sy geroepenes nie!
**Groete tot 'n volgende keer………………………………………………………**

Butterfly
change for children



# OPLEIDING EN SOSIALE AFDELING

## NUWE AANSTELLING BY DROOM- FAMILIE

Sjoe, ek het ‛n moeilike opdrag gekry – ek moet myself bekendstel aan almal wat wil weet of moet weet wie ek is en wat my posbeskrywing behels.
Nou ja, hier gaan ons – ek is ‛n gebore Riversdaller, het op ‛n plaas grootgeword, so daar is baie "boerebloed" in my are. Ek is die enigste dogter en het drie broers. Meeste mense sê ek is lekker bederf – ek is nie so seker daarvan nie – al wat ek wel weet is dat ek baie lief is vir my ouers en broers en ek glo hulle is lief vir my ook.

Met die "boerebloed" in my are, is dit vanselfsprekend dat ek lief is vir die natuur en diere en natuurlik vir die buitelewe en sport. Ek sien kans vir alles wat na my kant toe kom.

Nadat ek aan Hoërskool Langenhoven gematrikuleer het, het ek in Stellenbosch Toerisme gestudeer, daarna Verpleegkunde deur Medi-Clinic en my prakties gedoen in Worcester Medi-Clinic. Ek het myself bekwaam as ‛n stafverpleegster, maar moes ongelukkig verdere opleiding staak as gevolg van erge las van my linker knie wat vervang moes word agv ‛n sportbesering. Ek het 3 jaar by Worcester Medi-Clinic gewerk.

Eenmaal ‛n Riversdaller, altyd ‛n Riversdaller. Nadat ek vir 6 jaar weg was van Riversdal af, het ek teruggekom na my wortels en was 2 jaar werkloos gewees (agv my knie- en been-operasie). Daarna het ek vir vyf jaar by Riversdal Apteek gewerk, in die kliniek. Ek het ook, terwyl ek daar gewerk het, netbal help afrig by Hoërskool Langenhoven vir ses jaar. Droom het ‛n pos geadverteer vir ‛n koördineerder van die HCBC projek.

Ek is reeds sedert 2014 deel van die DROOM-familie. Vanaf 1 Junie 2023 is ek aangestel as opleidingsbeampte en sosiale koördineerder. Waar ek voorheen hoofsaaklik in vyf dorpe (Witsand, Slangrivier, Heidelberg, Riversdal en Vermaaklikheid) gewerk het, werk ek nou hoofsaaklik met die inwoners en verpleegpersoneel van DROOM.

My kantoor is by die eetsaal in Tehuis Ou Meule en ek kan nie wag om volstoom te begin werk nie.
My pligte sal onder andere wees om:
Opleiding te gee aan die verpleegpersoneel van Tehuis Ou Meule en Jan Lange;
Sosiale geleenthede/aktiwiteiete te doen met die Leefreg-, Jan Lange-, Ou Meule- en siekeboeg inwoners.

Die visie vir ons Alzheimer en Dementia afdeling is om maksimun lewenskwaliteit te gee, ondanks hulle omstandighede/siekte deurmiddel van hand-, brein- en liggaamlike oefeninge en sosiale kontak.

1. **Stimulerende aktiwiteite met die Alzheimers- en Dementia inwoners bv. blokkie-vorms in houers en musiekinstrumente.**









2. **Die inwoners ontvang poppe en is baie opgewonde daaroor, elke pop het ook 'n naam gekry.**




3. **Elke Donderdagoggend word 'n heerlike kerkdiens in ons sitkamer gehou waar almal lekker saam bid, sing en na die Woord luister.**







Ek sien daarna uit om die inwoners en verpleegpersoneel beter te leer ken en om te help dat ons Tehuise soos 'n groot familie sal voel.

Groete

Cornell Malherbe



Geleen.😅😅😅😅

Hulle vertel op Ganspoort is daar vir jare nie 'n predikant nie. As gevolg van die grootte van die gemeente en die afstand tot by die eerste groot dorp, het geen predikant hom geroepe gevoel om daar te gaan dien nie. Aanvanklik was die kerk leeg, maar deesdae is daar nie plek vir 'n muis nie.

Die storie loop dat na vele kerkraadvergaderings en nege onsuksesvolle beroepe, stel die leierdiaken voor hulle stel 'n prediker uit eie geledere aan. Almal wat belangstel, kry kans om te preek. Dan ken die lidmate 'n punt uit tien toe wat in 'n geseëlde koevert in die kluis bewaar word tot almal klaar is. Die een met die hoogste gemiddelde punt word aangestel as herder van die gemeente.

Die veearts preek oor die tien plae en is heilig oortuig dat die pes onder die vee niks anders as bloutong was nie. Hy noem dat as die Egiptenare betyds geënt het, sou daar net nege plae gewees het.

Die bankbestuurder verduidelik in sy preek dat, inflasie in ag genome, die weduwee se oortjie in vandag se terme 'n nuwe kerk sou kon bou.

Die kompetisie is straf en hoe langer dit aanhou, hoe vindingryker raak die "leraars."
Die slagter se biltongpakkies by die deure vind groot byval. Heelwat meer as Oom Hansie van die kafee se lekkergoed. Die gemeente voel hy kon beter gedoen het as net suigstokkies.
Oom Frans van Franskraal skenk 'n slagbees wat ten bate van Huis Herfsblare uitgeloot kan word. So gaan dit aan, Sondag na Sondag. Die wat klaar gepreek het, mis nie 'n diens nie, om seker te maak hul hou die ander se tellings laag.

Die naweek met die wêreldbeker is dit Vaatjie by die bottelstoor se beurt. Die kerkraad gee hom toestemming om die Saterdag 'n groot skerm in die kerksaal op te rig en 'n rugbybraai ten bate van die eiendomskommissie te hou. Vaatjie maak sy somme en bied sy drank teen halfprys aan.

Die Bokke looi die Engelse en die gemeentelede is uit hul velle. Daar is 'n broederskap wat nog nooit tevore in die gemeente ervaar is nie. Vetes oor basaarkoek en draadheinings word summier uit die weg geruim.

Die gemeente se beker loop oor. Vaatjie moes twee keer sy bottelstoor oopsluit.

Teen laataand hou die gemeentebedieningskommissie 'n noodvergadering en gee toestemming dat daar in die kerksaal gedans mag word. Die vreugdevure brand tot vroegoggend.

Nege-uur Sondagoggend sluk 'n paar diakens 'n laaste loopdop en vat die pad konsistorie toe sonder om eers 'n draai by die huis te maak.

By die deure word springbokkies in nagmaalglasies bedien en daar is klippies en coke beskikbaar vir die wat bereid is om die groot beker te deel.

In die moederskamer is 'n bieghokkie ingerig vir die met skuldgevoelens oor gister se rugby. Die manne staan tou en kan mekaar nie in die oë kyk oor hul kleingeloof nie. Om nie te praat van hul snedige opmerkings teenoor sekere spelers voor die wedstryd nie.

Oom koster sit agter 'n toe gordyntjie en bêre die "aflaatgeld" in pakkies van tien in 'n bliktrommeltjie. Faf de Klerk en Willie le Roux bring by verre die meeste geld in. Oom Sarel,

voorsitter van die klub, voel dit sy plig om ‘n voorbeeld vir die jonger manne te stel en bieg duisend rand op elkeen. Die fondse word gelykop verdeel tussen Diens van Barmhartigheid en die rugbyklub.

Die kerk is gepak in groen. Vaatjie het sy groen das aan. Hy lei self die voorsang en val weg met “Hier kom die Bokke...”

Dit is Doopsondag.
Die doopouers word vorentoe geroep. Oom Hendrik van der Merwe bring sy eerste en enigste kleinseun in. Toe Vaatjie klein Hendrik Cheslin  Mapimpi van der Merwe doop, snik oom Hendrik hardop van trots. Oom Smittie, die hoofouderling, oorhandig ‘n rugbybal aan die trotse ouers.

Na die doop preek hy oor hoe ons eie Gideonsbende met die bleekbeen Filistyne afgereken het. Niemand het gedink hulle gaan dit regkry nie. “Hoor hoor!” beaam oom Smittie.

Die gemeente word uitgenooi om na die diens ‘n koppie tee en gister se oorskiet braaivleis in die kerksaal te geniet. Namens die vrouediens, ‘n opregte woord van dank vir die leë bottels na gisteraand se funksie. Dit gaan hul herwinningsprojek ‘n groot hupstoot gee. Daar sal nie sondagskool wees nie. Die kinders kan gou help om die leë bottels in die dromme te gooi, terwyl die grootmense tee drink. Die diens word afgesluit met “Pale toe” (albei versies).

Teen dié tyd was daar geen twyfel meer nie. Die gemeente het besluit. Vieruur daai middag word Vaatjie Viviers, op ‘n spesiale kerkraadsvergadering as nuwe herder en leraar verkies...

Twee jaar later kom Vaatjie terug van die sinode af. Hy moes ‘n aanbieding maak  oor hoe hy Ganspoort se boeke in net twee jaar omgekeer het. Die manne is trots.

Daar is egter een ding wat pla en die sinode dring daarop aan dat die gemeente dringend daaraan aandag moet gee. Hy sê volgens die sinode het Ganspoort per capita die tweede hoogste alkoholverbruik in die land.

“Moenie worry nie dominee. Ons sal met die boys praat. Ons kan tog nie settle vir tweede plek nie.”

Albie Schoeman
Desember 2019

## HCBC Projek (Home Community Base Care)

Hierdie kwartaal is gekenmerk deur die uitbreek van Cholera en Pampoentjies. Die HCBC-span het hulle toegespits om die nodige bewusmaking rakende die twee siektes deur te gee aan die gemeenskap. Alhoewel daar geen Cholera-gevalle in ons streek aangemeld is nie, is dit belangrik dat gemeensksapslede bewus is van die voorkomingsmaatreëls en simptome. Talle kinders in ons skole is egter deur pampoentjies platgetrek.

Die laaste uitbreking van Cholera was in 2008–2009, toe omtrent 12 000 mense siek geword het. By onmiddellike rehidrasie sterf minder as 1% van pasiënte met ernstige cholera, terwyl 50% van cholerapasiënte sterf as die siekte nie behandel word nie.

Die Nasionale departement van Gesondheid monitor die huidige situasie en werk saam met die betrokke provinsies wat geraak is, die Nasionale Instituut vir oordraagbare Siektes (Nios) en die Wêrelgesondheidsorganisasie (WGO). Enige iemand wat simptome van diarree en dehidrasie toon, selfs al het hulle nie na 'n cholera-gebied gereis nie, word aangemoedig om by hul naaste gesondheidsorgfasiliteit aan te meld.

Met die onlangse uitbraak maan die Nasionale Gesondheidsdepartement ons om voorkomingsmaatreëls te tref deur te let op handhigiëne. Cholera word in die Vrystaat, Gauteng, Noordwes en die Oos-Kaap gediagnoseer.

- Cholera word deur 'n bakterie veroorsaak – Vibrio cholerae

Die bakterie veroorsaak infeksie in ons ingewande wat lei tot dehidrasie a.g.v. erge diarree. As jy erge cholera infeksie het en dit nie betyds behandel word nie, kan dit binne ure fataal wees. Cholera word nie direk van een persoon na 'n ander oorgedra nie en die risiko om by 'n geïnfekteerde persoon "aan te steek" is dus uiters gering. 'n Mens kry cholera wanneer jy water drink of vis, skulpvis of ander kos eet wat besmet is met die fekalieë van 'n cholerapasiënt. Die siekte kan soos 'n veldbrand versprei in gebiede met swak sanitasie en onbehandelde fekale afvalprodukte, byvoorbeeld wanneer rou riool direk gestort word in riviere of in water waaruit seekos afkomstig is.

- Besoedelde water is die hoofoorsaak – Water wat besoedel is met riool is die hoofoorsaak van die verspreiding van cholera. Swak infrastruktuur of infrastruktuur wat onder druk is weens beurtkrag, dra tans die blaam. Kos wat afgespoel word met besmette water is ook gevaarlik.



- Dit is nie aansteeklik van persoon tot persoon nie, maar die bakterie kan wel versprei as ‘n persoon met cholera-infeksie kos hanteer sonder om hulle hande te was, as hulle badkamers deel of as hulle in ‘n waterstroom ontlas.
- Daar is mense wat aan die cholera-bakterie blootgestel word en nie siek raak nie. Hulle weet dan natuurlik nie dat hulle die infeksie het nie, maar die bakterie kom vir sewe tot veertien dae in hul faeces voor. Hulle kan dus steeds ander mense aansteek deur water te besmet!
- Dit is tyd dat ons weer Covid-handewas gewoontes af te stof –
    - Voor en na jy kos hanteer.
    - Voor en nadat jy eet of jou kinders voer.
    - Nadat jy die toilet gebruik.
    - Nadat jy jou kind se boude skoongemaak het.
    - Nadat jy iemand met diarree versorg het.

    As jy nie toegang tot seep en water het nie, gebruik handontsmettingsmiddel met ‘n alkohol-inhoud van 60% of meer. (Dalk het jy nog Covid-voorraad) Onthou om jou hande te was sodra jy by die werk kom.




- Simptome begin gewoonlikl 12–48 uur na blootstelling. Ongeveer een uit elke twintig pasiënte ontwikkel 'n ernstige infeksie wat gekenmerk word deur aanhoudende waterige diarree, braking, dors en spierkrampe.
- Hidrasie is belangrik – Dehidrasie is die hoofoorsaak dat mense baie siek word of sterf van die siekte. Rehidrasie is baie belangrik en kan jou lewe red. As jy matig of baie siek is, is dit nodig dat jy hospitaal toe gaan vir binne-aarse hidrasie. Antibiotika mag dalk voorgeskryf word.
  Maak jou eie rehidrasie vloeistof - Departement van Gesondheid beveel aan dat jy die volgende rehidrasievloeistof kan maak:
    - 1 liter gekookte water
    - 9 teelepels suiker
    - ½ teelepel sout

- Riglyne  indien u vakansie hou in een van die provinsies waar daar 'n cholera-uitbraak aan die gang is of in 'n hotel of gastehuis bly waar etes voorsien word –
  - As jy 'n huis huur, vee alle oppervlakke 'n ekstra keer af met skoonmaakmiddel wat jy sonder water kan gebruik.
  - Was alle kombuisgoed met warm, seperige water.
  - Kook jul drinkwater of drink gebottelde water. Hoe om water te behandel of te steriliseer:
    Voeg 1 teelepel huishoudelike bleikmiddel by 25 liter water/Voeg 2 druppels huishoudelike bleikmiddel by 1 liter water.
    Wag 30 minute voor gebruik.
    Stoor in skoon houer met deksel.
  - Skil jou groente en vrugte en vermy rou groente wat nie kan afgeskil word nie.
  - Maak kos (veral vis of seekos) goed gaar en bedek enige oorblywende kos.
  - Vermy vars slaaie en vars vrugteslaai.
  - Eet liewer gekookte kos en verkieslik kos wat gekook en dadelik bedien word.
  - Moenie gedeelde badkamergeriewe gebruik nie.
  - Indien jul kamp, ontsmet die wasbakke voor jy tandeborsel of gesig was.
  - Gebruik drinkwater vir tandeborsel – nie kraanwater nie.
  - Spoel jul skottelgoed met gechloorde water af nadat jy dit gewas het.
  - Maak 'n spuitbottel vol bleikmiddel en ontsmet die toiletbak voor jy dit gebruik. Een deel bleikmiddel vir 10 dele water. As jou bottel 750ml kan hou, gooi een derde koppie bleikmiddel daarin en vul dit tot bo met water.
- As iemand wel cholera-simptome het, voorkom infeksie van ander familielede so –
  - Indien moontlik dra rubberhandskoene om die kamer of beddegoed wat in aanraking met ontslasting was, skoon te maak.
  - Verwyder dadelik enige beddegoed of klere wat in aanraking met ontlasting was en was dit op jou wasmajien se warmsiklus.
  - As jy enige klere/beddegoed wil weggooi, draai dit in twee plastieksakke toe voordat jy dit weggooi.
  - Gebruik huishoudelike ontsmettingsmiddel of bg. bleikmiddel om enige area wat met ontlasting in aanraking was, skoon te maak.
  - Pasiënte met cholera moet twee weke wag nadat hulle simptome weg is, voordat hulle swem.
  - As enige familielede simptome begin ontwikkel, gee dadelik vir hulle rehidrasiemiddel of maak 'n afspraak by die dokter of kliniek.
  - Moenie gaste oornooi of gaan kuier as iemand enige vorm van maagongesteldheid het nie.

*Maroelmedia.co.za/nuus/sa-nuus/cholera-in-sa-opgemerk*
*Stylvol.co.za/10-dinge-wat-jy-van-cholera-moet-weet*



**Kontrakjaar 2023/2024**

Droom, as NPO, bestuur reeds vanaf 2004 die HCBC-projek wat deur Departement Gesondheid befonds word. Staf Verpleegster Cornell Malherbe was die 8ste koördineerder wat aangestel was en het vir 9 jaar die projek gekoördineer. Cornell het die gemeenskap met oorgawe gedien en haar personeelkorps met liefde en respek bestuur. Haar Christelike beginsels was deel van haar alledaagse bestuurstyl. Droom bestuur wil haar bedank vir die bydrae wat sy gemaak het om die projek met passie te dien en Droom se beeld in die gemeenskap te vestig. Syl het Aprilmaand opleiding gegee vir die nuwe koördineerder wat aangestel is, Sr. Jason Slimmert.
Cornell gaan egter nie die organisasie verlaat nie en is vanaf 1 Junie aangestel as Droom se opleidingsbeampte/sosiale koördineerder. Ons weet sy sal met haar borrelende persoonlikheid ‘n verkil in die inwoners se lewens maak en met haar kennis die versorgers toerus tot beter versorging.



Departement Gesondheid het egter met die toekenning vir die 2023/2024 jaar vereis dat die koördineerderspos gevul moet word deur 'n geregistreede Verpleegkundige.
Sr. Jason Slimmert, 'n boorling van Heidelberg, is vanaf 1 Mei 2023 in die pos aangestel. Hy het sy BTECH graad in Verpleging by Cape Peninsula Universiteit van Tegnologie verwerf. (2016–2019) Psigiatrie, Gemeenskapsgesondheid & Verloskunde.



## JEUGDAG 2023

Jeugdae is gehou op 14 Junie te Heidelberg, De Waalville Primer en 15 Junie te Riversdal Riverville stadion.

Die HCBC-span van Heidelberg en hul plaaslike polisie het saamgespan om die gr. 7 leerders van De Waalville Primer te bemagtig met voorligtingpraatjies.

Die program van die dag was soos volg:
Groepsdruk – Venita Fielies
Tienerswangerskap – Judith Domingo
Dwelmmisbruik en dissipline – Polisie beampte
Persoonlike higiëne – Rozanne van Rooyen
MMC & HIV – Synthia Lots
Dans-item (Sarafina) – CHW's & Sr Jason Slimmert
Gedig (Jou toekoms deur Gert Jakobs) – Jenean, Semanthia & Ruyonde

Die Heidelberg & Slangrivier CHW's het onder leiding van Sr Slimmert vir die leerders 'n deel uit "Sarafina" opgevoer.





Lekker warm Sop en brood is aan die leerders uitgedeel.



Die Riversdalgroep het die Jeug eers laat netbal speel voor die program aangebied is. Veskeie sprekers het opgetree.

Sr. Jason Slimmert – Persoonlike ervaring as deel van die LGBTQI Gemeenskap
Sangitem - Liesle Charles & Sr. Slimmert
Mnr. Matola (Gerrit du lessis) - Selfvertroue & depressie
Juf. Jul-Mir Geldenhuys (LO Vakadviseer) – Inspirerende boodskap oor die handves van menseregte vir LGBTQI gemeenskap.
Gerit Du Plessis Hoërskool se dramagroep het 'n toneelstuk opgevoer met die tema "Magistraat". Hulle is ook bederf met 'n manikure.





Die CHW's het na die afloop van die Jeugdagvieringe die oorblywende sop en broodjies aan die gemeenskapskinders uitgedeel.



**Winter**
Die winter is hier.
Die snerpende koue wind waai.
Lae op lae klere voel nie genoeg.
Die wind voel of dit deur my waai en draai.
Bibberend klou ek aan my koppie warm tee.
Hoop dit sal my 'n bietjie warmte gee.
Die son skyn trietsig deur die winterswolke.
Die voëls probeer om die kolle waar die son skyn in te drink.
Hulle veertjies waai verwoed in die wind.
Maar nogtans hoor ek die voëlgesang.
Snoesig slaap ek vanaand.
Met kombers op kombers op my bed.
Rustig raak ek aan die slaap.
Om môre met nuwe moed te ontwaak.
© Anet Basson

*Afrikaanse Inspirenende Gedagtes*

Wintergroete
Melody Veldsman (HCBC Projek)

## UIT DIE VERPLEEGAFDELING

Helfte van die jaar is in 'n oogwink verby. Die langste nag en kortste dag is verby. Nou gaan die dae weer langer word en die nagte korter. As ons ons oë weer uitvee is die winter verby en die lente op ons voordeur. Ons was geseënd met baie goeie reën. Die plantegroei is lowergroen, en as jy by die bult afgery kom vanaf Hoërskool Gerrit du Plessis en jy sien die groen landerye dan kry mens trane in jou oë. Ons is so geseënd. Alle dank aan ons Hemelse Vader.

Ons het ons uitdagings by die verpleegafdeling, personeel wat óf afgedank word, of 24 uur kennis gee. Dit bly maar 'n groot bekommernis om die regte personeel aangestel te kry. Vir my moet verpleging/versorging 'n gebore passie wees. Dit moet uit die hart kom. Dit is nie iets wat aangleer kan word nie. Ons bejaardes is ons grootste verantwoordelikheid, hulle is 24uur op ons versorging afhanklik. Hulle moet met liefde en deernis behandel word. Al hoe on sons versorging gaan verbeter is met aanhoudende opleiding. Opleiding wat menige van die personeel reeds gekry het met hulle oorspronklike opleiding, maar daar word soms kort paaie gekies as daar gewerk word.
Dit is met groot vreugde dat Mnr Veldsman die poste van Sosiale Koördneerder en Opleidingsbeampte saamgesmelt het en Cornell Malherbe aangestel het om die pos te vul. Sy gaan haar toespits op Alzheimer opleiding asook die normale prosedures en protokolle om sodoende die standard van versorging optimal te behou. Ons wil DROOM dié versorgingsoord maak waar almal hulle bejaardes heen stuur.

Ons Alzheimerafdeling kom goed aan, daar is nog storte gebou, gordyne is aangekoop om tussen die beddens in die dubbelkamers te hang. Die Alzheimereetkamer is amper klaar, die TV moet nog opkom, rakke en prente. Die idee is dat die inwoners hulle etes daar moet nuttig en dan kan die personeel ook aktiwiteite met hulle doen. Mnr Veldsman het vermarmers aangekoop wat aangebring word sodat die bejaardes nie koud kry nie.

Sintetiese gras gaan buite aangebring word en Marelise Lombaard en 'n span wat sy bymekaar gekry het, gaan prente teen die mure bute geverf word. Dit alles is 'n groot droom van DROOM wat bewaarheid word. Daar gaan op die later personeel aangestel word wat net in die Alzheimerafdeling gaan werk, sodat die bejaardes aan hulle gewoond kan raak.

Kniekomberse
Ek het eendag 'n oproep van 'n dame, Magda Korff van Boggomsbaai ontvang – iemand wat ek van geen kant af ken nie. Sy en 'n paar dames van hulle gemeenskap het begin kniekombersies hekel en wild it graag aan die minderbevoorregte inwoners oorhandig. Niemand van hulle ken 'n siel in DROOM nie. Watse mooi gebaar was dit nie. Hulle het toe by Jan Lange 25 kombersies afgee.







*Magda en kie*



*Hulle wil nou vir ons Alzheimersafdeling se bejaardes ook kniekombersies hekel en dit in die volgende week kom aflewer. Hier is darem maar baie mense wat 'n groot verskil maak in ons bejaardes se lewens.*

*Daar was verskeie gesondsheidsdae wat ek graag aandag aan wil gee. Ek glo nie daar is baie mense wat weet hoeveel verskillende gesondheidsdae is in die jaar nie. Sommige gaan verby en jy weet nie eens daarvan nie. Een van dié dae is:*

1. ***HAND HYGIENE DAY 5 MEI 2023***

*Ek gaan die prosedure en protokol wat verwag word van ons versorgers, insluit;*

| | |
|---|---|
| **PURPOSE** | Hand hygiene is carried out to avoid the transmission of harmful organisms (germs)<br>Hands are the main pathway of germ transmission during health care. |
| **When should hands be washed** | Before contact (touching) is made with a resident<br><br>**Reason**<br>To protect the resident from exogenous (outside) germs and harmful organisms carried on hands.<br><br>**Example:**<br>• Before assisting a resident to move, take a bath, eat, or get dressed. |

| | |
|---|---|
| | • Before taking a pulse or blood pressure<br>• Before cleaning a resident or doing wound care<br><br>**Reason:**<br>To protect the resident against infection of harmful germs entering the body including the germs on the resident<br><br>**Example:**<br>• Instilling eye drops, examining the mouth, nose and ears.<br>• Before dressing a wound, before passing a nasogastric tube or catheter.<br>• Before preparation of food, medication etc.<br>• After body fluid exposure risk<br><br>**Reason:**<br>To protect the health care worker against infection and the spread of infection<br><br>**Example:**<br>• After passing a nasogastric tube, urinary catheter, after changing an incontinent product or wound care.<br>• After changing of linen, cleaning of a urinal/bedpan.<br>• After touching a resident<br><br>**Reason:**<br>To prevent the spread of infection between people and the environment<br><br>**Example:**<br>• After shaking hands, assisting a resident with personal care activities like bathing, dressing, moving and to eat<br>• After touching patient surroundings<br><br>**Reason:**<br>To avoid germs in the environment from infecting a resident or spreading<br><br>**Example:**<br>• After physical contact with a resident or environment,<br>• Changing bed linen, contact with bedside table/locker. |
| **PROCEDURE** | **Hand wash procedure**<br>1. Wet hands under warm running water<br>2. Apply enough soap to cover entire hand surface.<br>3. Rub the palms of the hands against each other.<br>4. Right palm over left dorsum (back of hand) with |

| | |
|---|---|
| | interlaced fingers and vice versa<br>5. Palm to palm with fingers interlaced.<br>6. Back of fingers to opposing palms with fingers interlocked.<br>7. Rotational rubbing of left thumb clasped in the right palm and vice versa.<br>8. Rotational rubbing, backwards and forwards with clasped fingers of right hand in left palm and vice versa<br>9. Rinse hands under running water, water running down from fingertips towards wrist.<br>10. Dry hands with a single use towel<br>11. Use elbow to close the tap and use a disposable towel.<br>12. Hands are now safe.<br>**See diagram of hand washing** |
| **Wearing of gloves** | If a nurse or carer has a fungal or any other infection of the nails, hands must be washed as per the protocol and procedure, but gloves must be worn until the infection has cleared up. Medical advice must be sought. |

**SANITIZING OF HANDS**

| | |
|---|---|
| **When to sanitize hands** | Sanitizing of hands is allowed, but with an alcohol content of at least 70%<br>• Between administering medication on medication rounds<br>• Between the feeding of residents if moving from the one resident to the other<br>• When gloves are worn during the changing of an incontinent product the staff can sanitize between resident nappy change, but must renew their gloves when moving to the next resident.<br>• Wash hands before and after completing the medication round, feeding different residents and the nappy change round is completed |

**HOW TO WASH YOUR HANDS**




## 2. ***<u>WORLD ELDER ABUSE AWARENESS DAY – 15 JUNE 2023</u>***

*Mishandeling van bejaardes vind op 'n daaglikse basis plaas – sonder dat baie mense eens daarvan bewus is. Daar is verskillende vorme van mishandeling wat ek kortliks gaan bespreek.*

### 1. Fisiese mishandeling

- Hierdie is die kruste vorm van mishandeling
- Dit behels die optrede wat tot besering ly of fisiese ongemak veroorsaak bv. klap, stamp, vasmaak, brand en sny
- Tekens kan wissel – bloukolle, kneusplekke, brandmerke, swelsels, onverklaarbare pyn, beserings aan die liggaam wat nie gesien kan word nie
- Inperking – kan as mishandeling gesien word indien nie streng gekontroleerd is nie, geen toestemming van dr. verkry is nie of metode wat ongemak veroorsaak

2. **Emosionele mishandeling**
    - Moeilik om te identifiseer – is meer subtiel
    - Vernedering, beskuldiging, belediging, isolasie, uitskel, name noem, ignoreer, en persoon verskreeu
    - Wees bedag daarop as 'n persoon wie voorheen gelukkig en ontspanne was skielik angstig, ontsteld, senuweeagtig, bang, sosiaal begin onttrek of huilerig is

3. **Finansiële mishandeling**
    - Dit is die misbruik, gebruik, uitbuiting, diefstal, verkryging van fondse, middels of bates bekom sonder die ouer persoon se toestemming, kennis of onder dwang
    - Bates en fondse sluit in eiendom, motor, pensioen, kontant, beleggings of ander gelde

4. **Seksuele mishandeling**
    - Dit is die aanranding/teistering of die daad sonder die toestemming van die ouer persoon
    - Tekens is:
        - Kneusplekke, bloeding, pyn, beserings in abdominale of anale area en geslagsdele
        - Herhaalde episodes van sistitis (blaasontsteking), veneriese siektes (seksueel oordraagbare siektes)
        - Tekens soos vir emosionele mishandeling kan ook 'n aanduiding van die tipe mishandeling wees.

***<u>Tekens en simptome van mishandeling</u>***

1. **Fisiese mishandeling**
    - Onverklaarbare kneusings, krapmerke of frakture

2. **Emosionele mishandeling**
    - Depressie
    - Angs-aanvalle
    - Vrees vir sekere persone

3. **Finansiele mishandeling**
    - Geheimsinnig rakende finansies
    - Inkomste of bates wat onverklaarbaar verdwyn

4. **Seksuele mishandeling**
    - Deurlopende urineweg infeksies
    - Deurlopende vaginale afskeiding

## 3. WÊRELDHIPERTENSIE DAG – 17 MEI 2023

**Hipertensie (Hoë Bloeddruk)**

**Tekens en simptome:**
- Moegheid sonder rede.
- Duiseligheid.
- Kort-asem.
- Angstigheid.
- Naarheid en Braking.
- Epistakse (Neusbloeding).

**Risiko faktore:**
- Ouderdom/Vit. D tekort.
- Kultuur en familie geskiedenis.
- Oorgewig.
- Rook/stres/oormatige alkohol verbruik.
- Oormatige sout inname.
- Tekort aan kalium in die dieet.

**Databasis:**

***'n Ouer persoon se bloeddruk wat tussen 140/90 en 170/ 85mmHg is, kan as normaal beskou word***

**Diastool** (onderste lesing) tussen 70mmHg en 90mmHg.
**Sistool** (boonste lesing) tussen 140mmHg en 170 mmHg.

**Komplikasies:**
- Hartaanval en SVO (beroerte).
- Aneurisme (aar wat ruptuur).
- Hartversaking.
- Swak en vernoude are in die niere
- Geheue kan aangetas word.



## Gedagtes vir elke dag van die jaar

Die oes is só groot, maar die werkers is so min.
Bid tot die HERE wat in beheer is van die oes,
En vra dat hy meer werkers in die veld sal stuur.
**Lukas 10:2**
As julle mekaar liefhet, sal almal daaraan sien
Dat julle my dissipels is.
**JOHANNES 13:35**

Vreugdevolle groete
Linda Botha



**Woon GOD ook hier in die Tehuise?**
**Julie 2023**

In my omwandelinge tussen die inwoners is daar talle vrae wat opduik.
Party vrae is van algemene aard, maar dan is daar ander wat baie belangrik is en meer "dieper" van aard is. Saam met van die vrae is daar 'n klomp emosies wat na vore kom. Wanneer 'n mens oud geword het, is daar talle meer vrae wat kwel met 'n groot klomp eerlikheid saam met dit. Op jou oudag het jy nie meer nodig om jou gevoelens weg te steek nie en kom daar 'n klomp eerlikheid na vore. Die ouderdom laat nie meer toe vir draaitjies en ompaaie nie, net kale eerlikheid.
Gevoelens soos, ek is bang, sal God van my vergeet, is ek alleen en waar is God nou, is talle van die vrae wat ek van tyd tot tyd aanhoor.
Dit is opvallend dat daar onsekerheid en soms vrees teenwoordig is by van die inwoners. Dis dan wanneer jy moet vasstaan en nodig het om by God te hoor wat nou die beste antwoord is.

Studies het bevind dat geloof (in God) die volgende voordele inhou vir bejaardes:
- 'n Positiewe en hoopvolle houding jeens die lewe en siekte, wat lei tot vinniger genesing. (Jy as hoorder moet ook nou positief kan wees).
- Groter sin en betekenisvolheid tot die lewe, wat weer sosiale- en familieverhoudings verbeter. (Jou lewe as hoorder moet ook sin maak om antwoorde te kan gee).
- Om meer effektief siekte en ouderdom te kan hanteer.

Baie ouer persone getuig daarvan dat hul verhouding met God hulle help om struikelblokke tesame met veroudering te kan aanvaar en te kan hanteer.
Dit is juis een van ons doelwitte by DROOM om 'n "geestelike ondersteuningspad" met elke inwoner te loop.
Elke inwoner moet die versekering hê dat:
1. God hul liefhet.
2. God hul aanvaar ook in hul hoë ouderdom.
3. God altyd met en by hul is.
4. God hul Beskermer & Bewaarder is.
5. God hul Redder, Saligmaker & Verlosser is.
6. God vir hul 'n plek voorberei het om altyd saam met Hom te wees.
7. God ook hul families beskerm en bewaar & ook 'n God vir hulle is.

Wanneer 'n inwoner al hierdie dinge weet, skakel dit 'n klomp onsekerheid en twyfel uit. Dan tree dinge soos vrede, kalmte en rustigheid in en raak die vrae al hoe minder in die wete dat God in beheer is.

Die vraag is egter wie neem verantwoordelikheid vir die inwoners wanneer dit kom by hul onsekerhede en vrae?
Elke personeellid, familielid en vriend behoort 'n rol te speel in die skep van 'n omgewing waar die inwoner God sal beleef en ervaar en waar rustigheid en sekerheid sal seëvier.

Hoe dra ons by tot so 'n omgewing?
- Om ten alle tye oplettend te wees wanneer die inwoner 'n behoefte het na geestelike ondersteuning en bediening.
- Om self-die inwoner te verseker dat God ten alle tye naby aan elkeen is. Indien jy nie oor daardie vrymoedigheid beskik nie, om dan iemand te nader wat geestelike hulp kan aanbied.

Ek kom nou weer terug by die vraag. Woon God ook hier in die Tehuise?
Dit hang alles af van hoe ons God vertoon tussen ons inwoners. As jy 'n instrument van God is terwyl jy tussen die inwoners beweeg, sal hulle God beleef en sal daar 'n omgewing geskep word van God se teenwoordigheid. ('n Goddelike atmosfeer).
Nou sien hulle God en raak bewus van Sy teenwoordigheid.

“You may find that making a difference for others makes the biggest difference in you”. -Brian Williams-

Wat is die verskil wat ek en jy moet maak?
Om ‘n gewone atmosfeer te omskep in ‘n Goddelike atmosfeer. Daar waar God die verskil maak deur gewone mense soos ek en jy. Dis ons uitdaging vir die nuwe kwartaal.

Met liefde en omgee.

Riaan Bernardo
Maatskaplike dienste & Geestelike versorging**.**



# Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |


**2023/2024-boekjaar**

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende Bestuurder: | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs: | Mev A vd Berg |
| Personeel-beampte: | Mev M Strydom |
| Finansiële-beampte: | Mev MG Veldsman |
| Departementshoof: Maatskaplike Afdelings: | Mnr CJ Bernardo |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige: | Suster L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundige: | Suster U van Niekerk<br>Suster M Michaels |
| Ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster RH Ponto<br>Stafverpleegster A Fortuin |
| Sosiale Koördineerder/Versorger Opleiding: | Stafverpleegster C Malherbe |
| Koördineerder Onderhoud: | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media (Kaapstad): | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte: | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder ingeskrewe verpleegkundige: | Sr J Slimmert |
| Nie-professionele koördineerder: | Mev M Jacobs |

**Etekaartjies:**

Weeketes: R55,00
Sondagetes: R65,00
Spesiale etes: Prys sal verskaf word by navraag.

**Gastekamer:** Tarief sal verskaf word by navraag

**Respytsorg:** Tarief sal verskaf word by navraag